NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 13 JANUARIE 2014 BY DIE NG GEMEENTE MOOTVALLEI, H/V LOUIS TRICHARDTSTRAAT EN MORGANLAAN, PARKTOWN.

Voorsitter	Sekretaris	Tesourier
DD Fourie	Ingrid Weyer	L E Weyer (waarnemend)
Tel 012 5671776	012 3452617	012 3452617
0713540190	0828574130	0823544218
	liweyer@mweb.co.za	

1 Verwelkoming

Les Weyer open die vergadering met gebed.

1.1. Teenwoordig: Dave Fourie, Les Weyer, Ingrid Weyer, Neville Greyling, Chris Snyman, Sias Spangenberg, Buks Grobbelaar en Bertus Grobler.

1.2 Verskoning: Dries Jacobsz, Ds Jan Botha, Robert Heunis, Tewie Mey, D van Rooyen, Sarel Myburgh Francois du Preez, Tommie Kibaya en Sumael Erasmus.

2. Nuwe lede

Stephen Sneddon van Mooinooi het kanaries en wilde voëls; en Leon Denicker van Meerhof het ook kanaries en wilde voëls. Albei is verwys deur Martin Hitge. Tommie Kibaya doen ook aansoek om lidmaatskap.

3. Lief en leed.

Robert Heunis is nie gesond nie.

4. Fondsinsameling:

Buks Grobbelaar en Sias Spangenberg sal in Februarie fondse insamel vir die Glosters. Oom Chris Snyamn skenk R200 vir die Kleur voëls.

5. Bevestiging van die notule van die vorige vergadering.

Die notules word aanvaar, Neville Greyling en Les Weyer.

6. Sake voortspruitend:

6.1 Jongvoëlskou. Die datum is nognie bepaal nie. Neville onderneem om saam met Ds Jan ‘n komitee vergadering saam te roep: Dave, Buks en Sias sal help. Daar is ‘n voorstel dat die skou onder die afdak op die plot by die stellasies gehou word. Die komitee sal dit ondersoek. Dringend nodig om beoordelaars te nooi, trofees moet ook opgespoor word. Les en Ingrid kan ook help.

6.2 **Ringe**: Tesourier sal lede e-pos met aansoekvorm, ring groottes en pryse ens. Versoek dat bestellings streng vooraf betaal, nou geplaas word.

6.3 **Rooikos.** Tesourier gaan weer 1 Kg bestel (R1448.) Houers sal @ R90 verkoop word.

7.Finansiële verslag

- Volledige state aangeheg, en verslag word aanvaar (Buks en Neville). Uitstaande ring gelde word afgeskryf.
- ‘n Begroting vir 2013/2014 word voorgehou en goedgekeur. Tesourier word bedank hiervoor.

8. SANCBA

Die vergadering is op 12 Januarie gehou en notules nognie beskikbaar nie.

9. NRCBA

Die vergadering is op 12 Januarie gehou en notules nognie beskikbaar nie

10.Korrespondensie

Geen

11. Algemeen

11.1 Les en Ingrid is van 27 Maart tot 15 Mei in die buiteland. Benodig vrywilliger(s) vir die notules ens.
11.2 Sias Spangenberg stem in om in die toekoms die koffie/tee vir klubvergaderings te hanteer.
11.3 Die gas, Bertus Grobler, word spesifiek verwelkom en uitgenooi om aan te sluit.
11.4 Dave noem dat iemand belangstel om rooi voëls te koop.
11.5 Daar spruit baie belangstelling uit die PCBC webblad.
11.6 Die volgende volwaardige Tesourier (Les is net waarnemend) kan verder besparing bevorder deur die klub by sy/haar adres elektronies te laat bank.
11.7 Palm Fruit Oil, wat baie goed is vir voëls, is @ R40 per 500ml beskikbaar by Tesourier.
11.8 Les Weyer kan skoukaste/dra-kaste, neskaste ens bou.

12.**Afsluiting**

Afskeid:
Die klub neem met groot hartseer afskeid van oom Chris Snyman. Hy hou al vir meer as 50 jaar voëls aan, en is baie spyt om weens gesondheidsredes finaal uit te tree. Hy het oor baie jare ‘n leidende rol in die klub bedrywighede gespeel en menige nuwe lede onder sy beskermende vlerk geneem. Hy het baie bygedra om die samehorigheid onder lede te bevorder en die stokperdjie uit te bou. Die klub gaan hom baie mis.

Die volgende vergadering word beplan vir 10 Februarie 2014 om 19:00. Die nuwe adres is NG Gemeente Mootvallei, h/v Louis Trichardtstraat en Morganlaan, Parktown, Pretoria.

Voorsitter **Datum**